# Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

11 September 2026 Uitgawe: 8/3/2026

## UIT DIE KANTOOR

Die hokkieseisoen is nou amptelik verby. Baie dankie vir elke ouer se geduld en ondersteuning tydens die seisoen. Die o/12- en o/13-spanne is egter vandag nog betrokke by uitspele vir die stadsliga. Baie sterkte aan hierdie twee spanne.

**Buitemuurs:**

Die amptelike buitemuurse program het ook dan nou gestaak vir die meeste aktiwiteite vir die kwartaal. Daar is egter nog ’n paar groepe wat die komende week bly oefen weens optredes, ens. Privaat tennis gaan egter normaal voort.

**Akademie:**

Die toetsweek vir Gr. 4-7 is ook afgehandel. **Let wel:** die leerders se rapporte sal teen 9 Oktober uitgegee word.

**Kermis:**

Ons jaarlikse Tjokkies-kermis is om die draai – en vanjaar gaan dit ’n SUPER-dag wees!
Ons tema vir vanjaar is “SUPER-Tjokkies”, waar elke graad sy eie superheld-tema gaan uitleef en natuurlik ook ’n spesiale produk of lekkerny gaan verkoop.

Die kermis is een van die hoogtepunte op ons jaarlikse kalender – ’n dag waarop ons leerders lekker kan ontspan, saam met hul maats kuier en die Tjokkies-gees kan uitleef. Dit is terselfdertyd ’n belangrike fondsinsamelingsgeleentheid wat ons help om nog meer vir ons kinders en ons skool te kan doen.

’n Baie groot dankie aan die verskillende graadverteenwoordigers op ons Ouerkomitee wat saam met die personeel help om van elke graad se stalletjie en tema ’n sukses te maak.

Aangeheg vind julle die verskillende grade se SUPER-helde en die produkte wat hulle gaan verkoop. Kry sommer vroegtydig ’n plan, bring die hele gesin en kom ondersteun ons Tjokkies!


## ANDER

**Personeelsake:**

Baie geluk aan juf. Sulene Venter en haar man Henco met die geboorte van hulle babadogtertjie verlede week. Mag julle baie vreugde vind in hierdie bondeltjie liefde.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 11 Sept.: | Hokkie uitspeelwedstryde |
| 14 Sept.: | Sportfoto's (slegs sportsoorte wat nie vroeër die jaar afgeneem was nie) |
| 16 Sept.: | Musiekaand 1 |
| 17 Sept.: | Musiekaand 2 |
| 18 Sept.: | Tjokkies Pre-Prim Verwelkomingsdag (2027-leerders) |



## VERJAARSDAE

17 Sept.: Hermann Davin (Gr. 4)

## FOTO'S

Onthou asb. dat die tweede sessie sportfoto's eerskomende Maandag, 14 September geneem word. Vir meer inligting hieroor, sien Community-boodskap van 8 September in die verband.

# KERMIS

🦸 💥 **TJOKKIES,** Trek jou “cape” reg—die **Super-Tjokkies Kermis** is op pad!! 💥 🦸

Ons **Super-Tjokkies Kermis** vind op **9 Oktober vanaf 9am-2pm** plaas! 🎉

Daar wag heerlike eetgoed, prettige aktiwiteite, ’n fotohoekie, gesigverf, funky superheld-hare, **“DUNK” ’n Onnie**, inflatables, musiek en hope pret vir die hele gesin! 🌭 🍕 🍿 🎶

Kom kuier saam, ondersteun ons skool en wys dat elke Tjokkie-familie ’n ware held is! 💙 💙 🤍

**Every Hero Gives Its Best!**
Want by Tjokkies gee elke held **Net My Beste!**

**Aangeheg by Weekblad is meer inligting in die verband.**

# MAMMAS WAT BID

**Vreugdesklere**

**PSALMS 30:11-12 NLV**

[11] You have turned for me my mourning into dancing; You have put off my sackcloth and clothed me with gladness

[12] U het my droefheid verander in ’n dans van vreugde. U het my rouklere weggeneem en my met vreugde geklee.

Die Here was getrou om Dawid deur ‘n seisoen van beproewing en droefheid te bring. Gelukkig weet ons God is God oor die valleie (swaar tye) en bergtoppe (tye van voorspoed) en Hy kan ons hartseer en rou in ‘n koordans verander!

Moeilike tye hou nie vir ewig nie; die Here beklee ons met klere van vreugde. Hy omring ons met die liefde van vriende en familie wat regstaan om te help en te troos in tye van swaarkry en nood. Gemeenskap is God se troospleister aan ons. Gemeenskap lig ons hande en harte wanneer ons in ‘n put sit. Om God se liefde tasbaar deur omgee-mense te ervaar, bring hoopvolle vreugde! En wanneer ons uiteindelik op ‘n bergtop staan deur God se genade, staan ons weer reg om iemand anders uit ‘n put te help:

**2 Korintiërs 1:3-4-4, 3-4 DB**

[3] As ons Vader oorstroom Hy ons met sy goedheid. As ons God troos Hy ons. [4] Hy staan by ons en help ons in al ons krisisse. Daarom kan ons ander mense help en troos wanneer hulle swaarkry. Ons kan presies dieselfde troos met hulle deel as wat God met ons gedeel het.


UNIVERSITAS
NET MY BESTE
Musiek
Aand
Music of Many Countries
16 & 17 September
18:30
Kaartjies op Karri beskikbaar

# SNUFFELS


Hoërskool
Jim Fouché
BIED AAN
VAT VLAM
Die piesangskille
Die
Piesangskille
19
SEPT
2026
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ SPORTGRONDE
VOLWASSENES: R 150
LEERDERS: R 100
VOORSKOOL: GRATIS
Kaartjies beskikbaar op Karri en
Quicket
Hekke open om 16:00 - Ingang Begonia en Wildeals str.
Parkering op Laerskool Jim Fouché rugbyveld beskikbaar - INGANG in WILDEALS STRAAT.
Sangkompetisie begin om 17:00
Piesangskille begin om 19:00
Braaivleisvure
Piekniekmandjie welkom, onthou kampstoel
Stalletjies beskikbaar vir eet- en drinkgoed
Pretpark vir kinders
KONTAK MERICE
063 202 6387
bemarking@jf.co.za